NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 15 – Uitgawe 31 | 8 September 2022

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## 25 jaar in die bediening

**Ek onthou my eerste 25 lewensjare goed. My 12 skooljare was die hoogtepunt. Rugby, atletiek, landloop. Sport het deur my are gebruis. Drilpeloton! Ek was drilsersant. Skietpeloton! Leerlingraad. Daar was soms ook tyd vir akademie, maar dit was 'n byvak. 'n Mens kon blykbaar nie matriek maak daarsonder nie! Grootgeword in 'n huis met geloof, liefde en respek as fondament. Ondersteuning was daar genoeg.**

*Varsity* was 'n heel ander ervaring. Hier het ek lewenslange vriende gemaak en die teologiese fakulteit het my geleer van kritiese denke, wat die wêreld vir my oopgemaak het. Daar is soveel meer in God se Woord as net die woorde wat daar staan. Vandag is ek dankbaar om deel te wees van die Hervormde Kerk met sy kritiese teologie.

Dié eerste 25 jaar was egter in 'n oogwink verby. Die lewe het voor my gelê, uitgestrek soos God se genade. Ek wou 'n verskil maak. My pa se wyse woorde dat daar *min dinge so gevaarlik is soos 'n pas afgestudeerde predikant* wou ek nie as 'n waarskuwing verstaan nie. Ek sou die Koninkryk laat kom! Na weermag het ek die voorreg gehad om in verskeie gemeentes te dien. Met tipiese jongmens-voortvarendheid het my dagboek gou té vol geraak. Ek het vinnig 'n ongebalanseerde *busy pastor* geword. Ek was oral. As ek tóé in die kleuterskool was, sou daar nie plek op my voorkop vir al die sterretjies gewees het nie.

My lewe het voortgesnel. Toe breek die oggend van my 28ste verjaardag aan – 'n traumatiese belewenis! My uitdaging was nie dat ek 28 jaar oud is nie, maar die feit dat die jare so vinnig verbygegaan het. Dié gedagte het my letterlik in koue sweet laat uitslaan. Hoe het ek tot hier gekom, en so vinnig! My eerste 28 jaar was met die knip van 'n oog verby. By die volgende oogknip sal ek 56 wees! Ek het besef hoe kosbaar en broos die lewe is... en hoe kort!

Dit is waar die draaipunt vir my gekom het. Die wysheid van die jeug het begin plek maak vir 'n meer bedeesde lewensuitkyk. Die foute van my jeugdige "wysheid" – in my bediening en my huwelik – het nie net seer gebring nie, maar ook duur lewenslesse. Vandag is ek op die randjie van 55 (nog nie 56 nie!) en weet ek dat ek nog maar bitter min weet (jong dominee, as jy hier lees: Luister!). Tog voel ek baie veiliger as toe ek 25 was en gedink het ek weet alles. Pa was reg!

'n Mens raak op 'n manier rustiger oor dinge soos die tyd aanbeweeg. Jy lees jou Bybel anders. Jy dink anders oor die lewe, oor die bediening, oor die gemeente, oor jou huwelik en ander verhoudings... oor God. Dit druk nie meer so van alle kante af nie. Ek dink dit is wysheid.

Ek is dankbaar! 25 jaar in die bediening is nog nie baie nie. Baie kollegas vóór my het al dié genade-mylpaal behaal. Nog ander hul 50ste. Ek bewonder kollegas wat al 60 jaar in die bediening gevier het, en 70 jaar. Ek is diep bewus dat ek nog in my babaskoentjies staan, maar dis goed so. Ek is nie alleen hier nie. God se belofte van sy ewige teenwoordigheid is 'n reuse-geloofstroos. My lewe is vol.

Dan word ek ook nog deur God bederf met 'n liefdevolle en lojale vrou, al my pragtige kinders en twee gemeentes wat ons in liefde toevou. My beker loop oor. Die eerste kleinkind is op pad. My lewe is dankbaar vol. Saam met my gesin dank ons ons hemelse Vader vir oneindige genade... en geduld! En vergifnis. En liefde. Ek is niks. God is alles. Ek voel veilig.

**Ds Dawie Jacobs, Dolfynkus/Durban-Suid**

## Lief en leed

- **Mev ACM (Annette) Engelbrecht** (92), weduwee van ds WJ (Willie) Engelbrecht wat in 1995 oorlede is, is op 6 September in Stellenbosch oorlede. Sy het die afgelope byna twee jaar in ’n versorgingsoord in Stellenbosch gewoon, naby haar dogter Elchen. Mev Engelbrecht was ’n liefdevolle eggenote, ma en ouma vir haar gesin. As predikantsvrou was sy lojaal en altyd gasvry teenoor alle mense en het sy kreatief en met oorgawe dienswerk verrig. Sy sal veral onthou word vir haar skilderye waar blomme en veral pienk en rooi rose so ’n prominente rol gespeel het. Sy was ’n buitengewoon goeie skilder. Haar saggeaardheid en aansteeklike glimlag sal ’n mens altyd bybly.



Ds Dawie Jacobs

- **Ds DS (Dawie) Jacobs** (54) van Dolfynkus/Durban-Suid vier sy 25-jaar-ampsjubileum op Sondag 9 Oktober vanaf 09:00 in Gemeente Durban-Suid, Beaconweg 137, Bluff, Durban. Laat weet hom asseblief teen 14 September by **dawie@lantic.net** as u die geleentheid wil bywoon.

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 September, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 8 September: Dr WJ (Cobus) Jansen van Nieuwenhuizen (52) (Hartebeeshoek) en ds M (Manda) le Roux (55) (Weskus)
  - Sondag 11 September: Ds APJ (Dries) Beukes (73) (emeritus/Swartkop)
  - Woensdag 14 September: Dr HJ (Hennie) Botes (74) (emeritus/Buffelspoort)
  - Donderdag 15 September: Ds PDM (Pieter) le Roux (60) (Christiana/Molopo/Vaalharts)

## Gemeentes en bediening



Dr Johan Bester

- **Dr JP (Johan) Bester** van Gemeente Pretoria Noorderlig (deeltyds) het die beroep na Randfontein Midpark aanvaar. Hy word op 2 Oktober daar bevestig.

- **Prop JD (Daan) Steinmann** (61) (beroepafwagtend) het ’n beroep ontvang na Windhoek (deeltyds). Hy het die beroep aanvaar en is op 4 September daar georden. Hy was die eerste kandidaat in die NHKA om virtueel gelegitimeer te word, op 19 November 2020. **Foto:** Dr André Ungerer, ds Daniel Steinmann en ds Willem Dykema.



- **Ds P (Petri) de Kock**, wat aan die einde van Februarie vanjaar geëmeriteer het, se **e-posadres** het verander. Dit is nou **petridk07@gmail.com**. Hy en sy vrou, Alta, het na Klerksdorp verhuis nadat hulle van Gemeente Pierneef afskeid geneem het.

- **Gemeente Bergsig** in Pretoria se **telefoonnommer** het verander. Dit is nou 087 808 3893 (en nie meer 012 379 6877 nie).

- **Gemeenskapsteater in Delmas: *Ego Eimi...* (*Ek is...*)**
  **15-25 September 19:00 (weekdae) en 15:00 (naweke)**
  By NGK Delmas-Wes
  Volwassenes R100, kinders R50
  Verversings beskikbaar een uur voor aanvang
  Kaartjies beskikbaar aanlyn of by NHKA Delmas
  013 665 2679 van 08:00 tot 12:00
  Ook by Perfect Water, CJ Williams Apteek en NGK Delmas-Wes
  Navrae: 082 928 4317
  **www.gemeenskapsteater.co.za**
  **delmas@gemeenskapsteater.co.za**

- Ds Johann de Bruin versoek steeds die volgende **vir Zambezi-aftreeoord in Montana**. Eredienste word Sondae in hul saal gehou sonder ’n projektor en daarom vra hulle

**skenkings van Liedboeke** wat nie meer gebruik word nie – **veral grootdruk**. Ds De Bruin sal dit bymekaarmaak en gaan afgee. Hy preek maandeliks daar. Kontak hom by 082 733 3951 of **cjdb@boomaap.co.za**. Of kontak mev Erna Klopper by 082 850 2492.

- Die **SP Engelbrecht-museum** is steeds **op soek na die volgende**: Ou vetkers in outydse blaker; vir domineepop ’n wit of gekleurde dashemp en ’n vals baard; ’n damespop (mannekyn); ’n stukkie vars roltabak; ’n ou pakkie sigarette; die oudste bottel Nagmaalwyn in die Kerk; ’n spoggerige Nagmaaltafeldoek, gehekel of kant; ’n net wat oor Nagmaalbekers gegooi word; ’n troufoto van mnr en mev De Loor, 1929 – haar trourok is in die Museum; drie sakke potgrond vir die groot potplante by die Museum; ou lessenaarlaaie vir uitstallings – ons plaas perspex bo-oor; donasies vir die raam van Museumafdelings se name – ons het glas en rame; ’n volledige stel van *Konteks* om in die Museum bewaar te word (enige uitgawes van *Konteks* kan geskenk word). Kontak ds Johann de Bruin by 082 733 3951 of **cjdb@boomaap.co.za**. Die Museum in Eloffsdal, Pretoria is op afspraak oop, enige tyd of dag. Reël asseblief net ’n dag of twee vooraf.

- Die **SP Engelbrecht-museum** wil ’n paar **Covid-items** opneem, byvoorbeeld masker, gesigskerm, plakkaat deur gemeente gemaak (dalk gelamineer), handsaniteerbottel en -staander, bywoningsregister, en dies meer. Dalk verskillende style, verskillende materiale en vorms, met fokus op uniekheid, en tog ook tipiese algemene artikels uit dié tyd. Daar is beperkte bergruimte, maar skenkings is welkom. Die Museum behou egter die reg voor om duplikate nie op te neem in die versameling nie en dus te vervreem of weg te gooi. Voornemende skenkers kan foto’s van moontlike skenkings aan ds Johann de Bruin by 082 733 3951 stuur, dan kan hulle van daar af onderhandel.

- ’n **Uitstaltafel** van die Museum sal by die **AKV van 2 tot 6 Oktober** wees. Gedenkmunte, plakkate, boeke en dies meer sal verkoop word. Museumvoorwerpe kan ook besigtig word. Skenkings van voorwerpe sal ontvang word.

## Vergaderings

- Donderdag 8 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 9 September: Kommissie van die AKV
- Donderdag 15 September: Rata Finkom

## Kerklike publikasies

- Dit gebeur dikwels dat ’n persoon die Lokflits, die nuusbrief oor *Die Hervormer* of omsendskrywes wat hy/sy van die Sinodale Dienssentrum ontvang, vir ander potensiële lesers aanstuur. Ons waardeer dit dat ons nuus so ver moontlik versprei word, maar ’n onbedoelde gevolg hiervan is dat indien een van daardie ontvangers op die uittekenskakel onderaan die skrywes sou klik omdat hulle dit dalk nie (meer) wil ontvang nie, die stelsel die oorspronklike ontvanger se e-posadres ook **uitteken**. Ons beveel dus aan dat die e-posadresse van al die potensiële ontvangers eerder op die Sinodale Dienssentrum se stelsel geplaas word sodat hulle die kerklike korrespondensie direk kan ontvang. Volgens die POPI-wet moet hul toestemming egter eers verkry word. Die **e-posadresse van nuwe intekenaars/ontvangers** wat daartoe ingestem het, kan gestuur word na **bladuitleg@nhk.co.za**.

## Bybelgenootskap

- **Pos beskikbaar vir Uitvoerende Hoof by die BSA se Hoofkantoor in Bellville.** Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) nooi toepaslik gekwalifiseerde kandidate om aansoek te doen vir hierdie strategiese posisie om verantwoordelikheid vir die organisasie se hoof- uitvoerende funksie te neem. Die posbekleër sal leierskap, strategiese leiding, bestuurspraktyk en algehele koördinering van alle operasionele aktiwiteite verseker. Die Uitvoerende Hoof sal in die Raad van Direkteure en alle relevante Streekkomitees dien.

  **Vereistes:** Uitgebreide bestuurs- en leierskapervaring op senior vlak; ondervinding binne die breër ekumeniese omgewing en status as geordende predikant sal as aanbeveling dien;

moet ’n lid van ’n BSA-lidkerk wees; teologiese en missiologiese begrip van Bybelmissie; professionele kennis en deeglike begrip van korporatiewe of sakeondernemings (toepaslike bestuurskwalifikasie sal voordelig wees); deeglike begrip van toepaslike wetgewing en korporatiewe bestuursbeginsels; goeie kennis van finansiële administrasie, bemarking en ’n besigheidsomgewing; kennis/ervaring van Bybelgenootskapwerk (nasionaal en internasionaal); bewese skakel- en onderhandelingsvaardighede; uitsonderlike mondelinge en geskrewe kommunikasievaardighede; ervare in openbare optredes; en hoogste vlak van etiek, integriteit en professionaliteit.

**Om aansoek te doen:** Registreer CV by:
**https://www.dittojobs.com/jobs/view/2884536969**

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Toerusting

- **Excelsus: Lentekonferensie (aanlyn)**
  **20-22 September**
  *Vreugde in oorvloed: Geloof in ’n tyd van skaarste*
  **NHKA-deelnemers:** Proff Tanya van Wyk en Jaco Beyers
  Inskrywingsgeld per elektroniese oorplasing
  Bewys van betaling na **excelsus@up.ac.za**
  **Kursusfooi:** R360
  **Inbetalings:** TSO, ABSA, takkode 632005, rekeningnommer 142 0830 463
  Verwysing: LK plus naam en van van individu, of
  LK plus naam van gemeente indien vir meer as een betaal word
  **Kansellasiefooi:**
  Voor of op 31 Augustus: 50% van die kursusfooi
  Na 13 September: 100% van die kursusfooi
  Ontvangs van inskrywing geskied per e-pos
  (Indien e-pos nie voor 13 September 2022 ontvang word nie,
  kontak Rika by **excelsus@up.ac.za**)

- **Gereformeerde Teologiese Werkgemeenskap**
  **Jaarlikse konferensie 2022: 27 September**
  Tema: *Gereformeerde bediening vandag: Impak, uitdagings en geleenthede*
  Subtemas: Toepaslike prediking; worsteling met sekularisme; gebruik van tegnologie tot voordeel van die bediening; bediening van alle mense in die moderne konteks; doeltreffende pastorale werk wat op spesifieke groepe fokus (bv jeug, enkellopendes, bejaardes); voortgesette teologiese opleiding; en die behoefte aan Christelike dienende leierskap
  **Plek**: Teologiese Skool Potchefstroom / Aanlyn
  **Koste**: In persoon R300 (sluit verversings en middagete in); aanlyn R100
  **Program:** Word nader aan die konferensiedatum gepubliseer
  Om vir die konferensie te **registreer**, stuur jou kontakbesonderhede en bewys van betaling aan Mohau Ntlhe (**mohau.ntlhe@nwu.ac.za**)
  **Bankbesonderhede**
  Rekeningnaam: In die Skriflig
  Bank: ABSA
  Tak: 632005
  Tjekrekeningnommer: 670411664

- **UP Fakulteit Teologie en Religie: Predikantekonferensie**
  **Donderdag 29 September 09:00-15:30**
  *Etiese leierskap, rasseverhoudings en gender*
  UP Groenkloof
  Proff Klippies Kritzinger, Kobus van Wyngaardt en Tanya van Wyk
  Drr Hlulani Mdingi en Lerato Mokoena
  Koste: R100
  Navrae: **anchen.november@up.ac.za**

## ’n Gedig

**Insig in die lydende vorm**

Die son word opgekom,
word stralend of versengend geskyn,
word ondergegaan.

Dié land,
dié halfmooi stad, dié rustige, kwesbare buurt
is ontstaan
en ek word in hierdie straat by my gesin laat woon –
mét wil en dank,
maar kort en klaar.

’n Buurgesin word bekanker en bebid.
In hospitale word gebore en gesterwe.
Bestemmings word per motorkar, in vliegtuie, te voet bereik, net soos eindes.
En ek word meegely deur ondervinding/oorlewering/mediadekking.

Ek word so ingeleef.
In hierdie vertrekke
– hul betraliede vensters op ’n ommuurde tuin ‘oop’
(waar ook vinke genestel gehang is
tussen hemel en aarde) –
word ’n verblyf aan my behoort
kortstondig
deur ’n onoorganklike werkwoord.

**Bernard Odendaal**
(Uit: *Onbedoelde land*, 2007)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Kriel: Gholfdag**
  **Saterdag 17 September by die Kriel Gholfklub**
  Inskrywings R1 000 per 4-bal
  Besprekings: Oudl Gerhard Korf 082 770 6479 / Joanne Korf 082 441 2529
  Afslaan vanaf 08:00, prysuitdeling 17:00
  Afslaanbofborge beskikbaar teen R500
  Borg kan produk/diens by die bof uitstal
  Kontak oudl Ronnie Viljoen 082 308 7492 vir bofborg
  Meer inligting: Oudl Ronnie Viljoen / Ds Markus Pretorius 082 395 1754
  Stuur e-posnavraag na **nhkkriel@gmail.com**

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings, die AKV of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Allegaartjie

Eksamenflaters: *Eers die ware feite: Toe Karel die Grote in 814 sterf, was sy kinders reeds oorlede en het sy drie kleinseuns die ryk geërf. Toe skryf een student: "Aangesien Karel die Grote nie kinders gehad het nie, is die ryk toe onder sy kleinkinders verdeel." En dan dié juweeltjie: "Koningin Magna Carta van Engeland het van 1215 tot 1603 regeer." Maar ai, as daar iets was wat my wel ondergekry het, dan was dit die Afrikaanse studente se spelfoute, veral met die gebruik van ei en y, en van f en v en die oop klanke. Dan was my kantlynkommentaar maar: "Onnoodige en freeslike voute, skreif reg en ondersky tussen ei en y en f en v." Wel wetende dat die bloedjie nie eens agterkom daar's vout nie.* (Prof Fransjohan Pretorius, in *Beeld: By*, 3 September 2022)

## Barmhartigheid

- **DPS Pleegsorg: Kamp 3-7 Oktober**
  **Tarentaalpan, Thabazimbi**
  Indien u sou belangstel om een van die 36 kinders te borg teen R1 500 per kind, kontak **Suzanne van Deventer** by **suzanne@rata.org.za** of 066 477 8904. **Inbetalings** kan ook gedoen word by: Kinderhuise van die NHKA, ABSA Besigheidsrekening, rekeningnommer 020 390 093, takkode 623 0005, beskrywing Oktoberkamp (e-pos bewys van betaling na **suzanne@rata.org.za).** Hierdie is 'n geleentheid om te belê in 'n kind se toekoms. Saam skep ons 'n beter môre. U is ook welkom om ons **webwerf** te besoek by **www.pleegsorg.org.za** of ons **Facebook-blad** by DPS Huise om op die hoogte te bly van die nuutste verwikkelinge.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

My Heer,
soveel mense wat ek ken,
ervaar gesondheidsprobleme
of moet moeilike omstandighede trotseer.
U sien elkeen van hulle,
U ken elkeen se naam,
U ken elkeen se behoeftes
en U weet die beste
hoe om in daardie behoeftes te voorsien.
Asseblief, seën my familie en vriende soos net U kan.
Mag hulle u nabyheid voel,
mag hulle vrede en vreugde ervaar,
en mag hulle opnuut besef
dat U die bron is van troos, krag en hoop.
In Jesus se Naam bid ek dit.
Amen.

churchgists.com/prayer-for-friends-and-family/

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds Willem Sauer |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |